
**Vraag 3 Visuele teks**

Bestudeer die spotprent wat in "Beeld" – 9 Januarie 2008 verskyn het. Beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




3.1 Hoe weet ons dat die gesprek tussen die pa en sy seuntjie in die **oggend** plaasvind? Noem **een** feit. (1)

3.2 Wat is die pa besig om te doen? (1)

3.3 Hoe **reageer (reacts)** die pa, in terme van liggaamstaal, op sy seuntjie se woorde? Sê in een volsin. (1)

3.4.1 Wat merk jy op omtrent die seuntjie se **hemp**? (1)

3.4.2 Waarom dink jy **lyk** sy hemp so? (1)

3.5 Dit is duidelik dat die seuntjie en sy pa **verskillende perspektiewe** het oor wat 'n mense nodig het vir skool.

3.5.1 Verduidelik die pa se perspektief. (1)

3.5.2 Verduidelik die seuntjie se perspektief. (1)

3.6 Die kat se woorde is **ironies**. Verduidelik waarom. (2)

3.7 Wat dink jy is die **boodskap (message)** van hierdie spotprent aan die leser? Sê in een volsin. (1)

**[10]**

**Vraag 3**

3.1

- Daar is ontbyt op die tafel – roosterbrood en koffie
- Die koerant verwys na die eerste skooldag
- Die seuntjie is gereed om skool toe te gaan
- Die wekker sê dit is sewe-uur in die oggend

(1)

3.2 Hy lees sy koerant. (1)

3.3 Hy lyk verbaas/geskok. (1)

3.4.1 Die hemp is te groot vir hom. (1)

3.4.2 Kinders in graad 1 se ouers koop gewoonlik 'n groter nommer, sodat die kinders dit langer kan dra. (1)

3.5.1 Die pa glo dat 'n mens tradisionele skryfbehoeftes moet inpak: potlood, pen, ens. (1)

3.5.2 Die seuntjie weet dat tegnologie deesdae deel is van kinders se funksionering by die skool. (1)

3.6 Die uitdrukking verwys na 'n onskuldige en onkundige kindjie wat vir die eerste keer skool toe gaan. Hierdie seuntjie is egter baie kundig en wys in tegnologie. (2)

3.7

- Die dae van tradisionele toerusting in skole is verby. Selfs skoolbeginners is kundig met tegnologie.
- Ouers moet hul persepsie verander en besef dat hul kinders, selfs al is hul skoolbeginners, kundig is met tegnologie.

(1)

**[10]**